higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2

(11011002)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n SKOON bladsy.
5. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Aartappelskille en oorskietkos kan as … afval beskou word.

A gevaarlike
B higiëniese
C droë
D nat

1.1.2 … is 'n hoërisiko-voedsel.

A Atsjar
B Marmelade
C Rosyntjies
D Vleis

1.1.3 Wanneer voedsel gekook word, moet dit 'n sekere interne temperatuur van … bereik om seker te maak dat al die bakterieë vernietig is.

A 100 °C
B 75 °C
C 45 °C
D 80 °C

1.1.4 Die volgende bakterieë word in rou hoender gevind:

A Salmonella
B Stafilokokkus
C Clostridium botulinum
D Listeria

1.1.5 Voedseldienswerkers behoort ten minste … te bad.

A een keer 'n week
B een keer elke tweede dag
C elke dag
D een keer 'n maand

1.1.6 Met selfversorgingakkommodasie sal die gas …

A maaltye in die restaurant op die perseel wil geniet.
B kamerdienste verwag.
C vir homself kook.
D diens van 'n kelner verwag.

1.1.7 'n Span is 'n groep onafhanklike individue wat vir die bereiking van 'n …verantwoordelik is

A doelwit
B vaardigheid
C taak
D prestasie

1.1.8 … is kommersiële toerusting wat gebruik word om groot volumes afval te saam te pers.

A Vullisperse
B Snippermasjiene
C Verbranders
D Skêre

1.1.9 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n span:

A Kwaliteitskringe
B Produksielyn
C Individualisme
D Opleidingsvorms

1.1.10 Skoonmaakchemikalieë moet … gebêre word.

A in die yskas
B in die spens
C in 'n aparte area
D enige plek in die kombuis

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Sanitêre afval word in plastieksakke geplaas voordat dit in spesifiek-gemerkte afvalhouers geplaas word.

1.2.2 Reinigingsmiddels moet weggesluit word en toegang moet slegs deur gemagtigde personeel beheer word.

1.2.3 Daar moet van stukkende breekware weggedoen word deur dit in papier toe te draai en dit in 'n aparte afvalhouer te plaas.

1.2.4 Asbakafval moet geïgnoreer word totdat die gas sy/haar tafel verlaat.

1.2.5 Gis en muwwe (skimmels) kan as bakterieë geklassifiseer word

1.2.6 Fungi/skimmels kan gebruik word om sekere antibiotika soos penisillien te vervaardig.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 In suksesvolle spanwerk sal elkeen met sy/haar eie standpunte en menings volhard.

1.2.8 Onmiddelik nadat die koffie gemaak is, moet die koffiemasjien, terwyl dit nog warm is, skoongemaak word.

1.2.9 In die voedselbereidingsarea moet lang hare vasgebind word.

1.2.10 Voedselbedieners word toegelaat om aan diens, by die werk, in die aangewese rookgebied van die restaurant te rook.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Verwyder 'n dun laag suurlemoenskil van die oppervlakte van die surrlemoen	A	papierhandoek
1.3.2	Verwyder die kerngedeelte van die appel	B	vergiettes/deurslag sif
1.3.3	Inkorporeer lug in die mengsel	C	klitser
1.3.4	Giet vloeistowwe van kos af	D	trollie
1.3.5	Maak vensters skoon	E	bliksnyer
1.3.6	Word gebruik om voorraad te vervoer	F	reiniger
1.3.7	Verwyder vullis van oppervlaktes	G	skaal
1.3.8	Vee stortings op	H	spatel
1.3.9	Weeg kos	I	emmer/bak
1.3.10	Maak blikkies oop	J	pitboor ('corer')
		K	waterbesem ('squeegee')
		L	sitrusskiller

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Thando is onlangs tot die posisie van kombuisbestuurder bevorder. Die maatskappy het vir hom opleiding, wat persoonlike en voedselhigiënepraktyke insluit, gereël.

As deel van sy posbeskrywing, moet hy hierdie kennis aan sy ondergeskiktes oordra. Thando moet seker maak dat die personeel ooreenkomstig hoë standaarde van higiëne werk en goeie persoonlik higiëne handhaaf. Dit sal kruiskontaminasie of uitbreking van voedselgedraagde siektes voorkom.

2.1 Definieer elk van die volgende terme:

2.1.1 Persoonlike higiëne

2.1.2 Voedselhigiëne

(2 × 2) (4)

2.2 Noem item beskermende klere wat deur 'n sjef gedra moet word om sy/haar klere teen storting te beskerm. (1)

2.3 Noem VYF faktore wat mikrobiese groei beïnvloed. (5)

2.4 Help Thando om 'n stapsgewyse prosedure saam te stel om hande deeglik te was. (6)

2.5 Watter raad kan Thando aan sy ondergeskiktes gee in verband met persoonsversorging wanneer daar in 'n kombuis gewerk word? (5)

2.6 Noem VYF wenke wat Thando met sy ondergeskiktes kan deel oor hoe om voedselvergiftiging in die werkomgewing te minimaliseer. (5)

2.7 Beskryf VIER maniere om insekte te beheer. (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bespreek hoe daar van die volgende items ontslae geraak moet word:

3.1.1 Kosafval (5)

3.1.2 Chemiese afval (4)

3.1.3 Glas (4)

3.2 Beskryf DRIE algemene spesifikasies vir 'n sjef se baadjie. (3)

3.3 Die wet bepaal dat voedsel wat aan die publiek bedien word, geen risiko moet inhou nie. Dit is belangrik dat voedselhanteerders goed ingelig is oor hoe hulle tot die veiligheid van kos kan bydra.

3.3.1 Gee DRIE gevolge indien voedselhanteerders nie hierdie verantwoordelikheid te harte neem nie. (3)

3.3.2 Stel voor hoe voedselveiligheid in die voedselvervaardigingsarea gehandhaaf kan word. (5)

3.4 Kruiskontaminasie kom voor wanneer bakterieë van een voedselproduk na 'n ander versprei.

Noem SES maniere waarop kruiskontaminasie geminimaliseer of vermy kan word. (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF items wat 'n kamerbedienaar in sy/haar trollies moet plaas om 'n gastekamer doeltreffende te kan diens. (5)

4.2 Verduidelik die verantwoordelikhede van die volgende spanlede:

4.2.1 Spanleier of bestuurder (2)

4.2.2 Spanlede (5)

4.3 Bespreek die algemene eienskappe van 'n doelltreffende span. (6)

4.4 In die foto, word houers van verskillende soorte afval, na 'n partytjie, buite geplaas om deur die afvalverwyderingsmaatskappy gekollekteer te word.



[Bron: *https://www.pembrokshire.gov.uk/waste-and-recycling*]

Verduidelik hoe 'n situasie hanteer moet word indien die vullisverwyderaar nie opdaag om die afval te verwyder nie. (5)

4.5 Noem VIER afvalitems wat in die gasvryheidsbedryf herwin word. (4)

4.6 Noem DRIE items wat nie in 'n afvalverwerkerhouer geplaas kan word nie. (3)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER kategorieë sakeondernemings wat in die toerismesektor gevind word. (4)

5.2 Suid-Afrika, nes baie ander lande, steun heelwat op die inkomste van toeriste wat die land besoek.

Noem DRIE faktore wat 'n uitwerking op die gasvryheids-, toeriste en reisbedrywe het. (3)

5.3 Nasionale erfenis is die rede waarom toeriste verskeie wil lande besoek.

5.3.1 Definieer die term *nasionale erfenis.* (2)

5.3.2 Noem VIER Suid-Afrikaanse erfenisgebiede. (4)

5.4 Beskryf hoe om 'n snyplank skoon te maak nadat dit gebruik is. (6)

5.5 Dit is raadsaam om nie beskadigde of stukkende gereedskap te gebruik nie.

Beskryf die DRIE moontlike tekens van skade aan die gereedskap wat nagegaan moet word om veiligheid te bevorder. (3)

5.6 Noem VIER voordele wat dit inhou om afvalwegdoeningsterreine te alle tye skoon te hou. (4)

5.7 Noem VIER items of stowwe wat nie herwin kan word nie. (4)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou